



SAOU REAKSIE OP FBSAOU

English to follow

SMEERVELD TOEG TEEN SAOU BETREE NUWE DIMENSIE

SAOU-LEDE MOET OP HOEDE WEES

Hierdie nasionale nuusbrief word aan SAOU-lede gerig onder die gesag van die Nasionale Dagbestuur, bestaande uit die President en die nege Provinsiale Voorsitters. Dit word in 'n vraag en antwoord formaat beskikbaar gestel ten einde bepaalde aspekte klinkklaar uit te lig.

1. Is die SAOU bewus van die petisie van 'n groep bekommerde lede (FBSAOU)?

Die SAOU se Dagbestuur is gewis bewus van die groepering wat bekend staan as die Forum vir Bekommerde SAOU Lede. Daar is ook al uitgebreide korrespondensie met hulle gevoer en is op 'n iedere en elk van hulle navrae gereageer. Die skrywe van mnr Burger waarin hy sekere besware opper en klagtes teen die verkose leiers lê, en wat as een van die segsmanne van Klub 42 (en nou ook FBSAOU) optree, is volledig aan Sy Edele Regter Hartzenberg beskikbaar gestel. Die vraag wat onwillekeurig opduik, is waarom hierdie betrokke groep gewag het tot na die sluiting van die tyd waarbinne klagtes gelê kon word (25 Mei 2018) om met die stigting van die FBSAOU voort te gaan. Die afleiding moet ongelukkig gemaak word dat die jongste poging allermins as in goeie trou geag kan word en nie die SAOU tot voordeel strek nie.

2. Is 'n ouditeur 'n integrale deel van die ondersoek?

Soos hierbo gestel, is regter Hartzenberg, 'n uiters gerespekteerde regter in regskring wat geen ongerymdhede sal duld, aangestel om elke aantyging van mnr Pashut en die bekommerde lede, volledig te ondersoek. Vanweë die feit dat sommige van die aantygings na beweerde finansiële ongerymdhede verwys, het Regter Hartzenberg aangedring op die aanstelling van 'n baie ervare forensiese ouditeur wat reeds etlike weke besig is met sy in diepte ondersoek.

3. Wat word met die verslag van die regter se onafhanklike ondersoek beoog?

Die verwagting is dat die ondersoek binne die eersvolgende twee maande afgehandel sal wees, waarna die verslag en aanbevelings na die Nasionale Uitvoerende Raad (NUR), die hoogste gesag tussen die driejaarlikse kongresse, verwys sal word. Die NUR sal oor gepaste verdere stappe besin na behoorlike oorweging van die inhoud daarvan. Die verwagting is dat die verslag op die SAOU webwerf beskikbaar gestel sal word.

4. Is daar meriete in die versoek vir 'n Buitengewone Kongres?

Die kar word voor die perde ingespan. Regter Hartzenberg, in samewerking met 'n ervare forensiese ouditeur, is besig om 'n iedere en elk van die aantygings volledig te ondersoek. Die Dagbestuur is daartoe verbind om die bevindinge van die regter se verslag tot die logiese konklusie deur te voer. Die Nasionale Dagbestuur en elke Provinsiale Dagbestuur en lede van die Provinsiale Uitvoerende Rade is wettig

verkose strukture wat deurgaans hulle werk met groot onderskeiding en toegewydheid uitvoer. Indien die regter se verslag dit regverdig, sal 'n Buitengewone Kongres gereël word sonder om die SAOU ernstig te wil destabiliseer.

5. Daar word melding gemaak van 'n "beweerde inkomste" van die voltydse SAOU President in die bedrag van R1.4 miljoen. Is hierdie bedrag korrek?

Hierdie 'beweerde inkomste' is absoluut vals. Hierdie bewering word die wye wêreld ingestuur met slegs een bedoeling en dit is om die goeie naam en reputasie van die President skade aan te doen. Die President het toestemming verleen dat sy totale vergoedingspakket by die SAOU openbaar gemaak mag word om die valse bewerings aan die kaak te stel.

Die President verkry die volgende kompensasie:

- 'n Salaris by die Mpumalanga Departement van Onderwys asof hy steeds 'n skoolhoof is.
- Vanweë sy verkiesing as President verbeur hy die volgende inkomste en voordele wat hy steeds as skoolhoof sou verdien het as hy nie tot President verkies is nie –
 - Sy koshuistoelaag as inwonende koshuisvader;
 - Sy Art 38A vergoeding wat hy by die beheerliggaam ontvang het;
 - Inwoning op die perseel van die skool;
 - Etes uit die koshuis kombuis;

Daar is 'n staande besluit van die Dagbestuur van die SAOU wat reeds jare lank geïmplementeer word (en wat ook ten opsigte van vorige Presidente gegeld het) wat lui dat die verkose President nie finansiëel in 'n swakker posisie moet wees na sy verkiesing, as wat hy was voordat hy tot President verkies is nie.

Die Dagbestuur van die SAOU het 'n berekening gemaak van die waarde van die voordele wat die President verloor het vanweë sy verkiesing en beloop dit rondom **R539 000**. Hy het ook die gebruik van 'n poelvoertuig van die SAOU en het reeds meer as 80,000 km gedurende die afgelope 15 maande afgelê in die uitvoering van sy ampspligte.

6. Is die vergoeding van die President en senior werknemers van die SAOU moreel verdedigbaar?

Uit die antwoord op die voorafgaande vraag, is dit na die oordeel van die Dagbestuur absoluut moreel verdedigbaar dat die voltydse President gekompenseer word vir die verlies aan inkomste wat hy inderwaarheid verbeur om die amp van voltydse SAOU President te aanvaar.

As die omvang en kompleksiteit van die pos, sy deurslaggewende invloed op die breër onderwys, asook sy persoonlike opofferinge in ag geneem, is die SAOU komponent van sy vergoeding absoluut regverdigbaar.

Die President spandeer gemiddeld 3 aande per week weg van die huis af besig met sy ampspligte en werk oor naweke ter voorbereiding vir vergaderings wat gedurende die daaropvolgende week plaasvind. Dit sou 'n skreiende skande wees indien die Dagbestuur sou versuim om behoorlik na die finansiële welstand van sy President om te sien. Inderwaarheid is die President in presies dieselfde finansiële posisie as wat hy was voordat hy die pos aanvaar het.

Ten opsigte van die vergoeding van die senior werknemers van die SAOU kan die Dagbestuur u verseker dat die vergoeding nie lukraak vasgestel is nie. Dit is gebaseer op die objektiewe aanbevelings van 'n geloofwaardige eksterne mannekrag konsultant, PE Corporate Services en hulle vergelykings met ander vakbonde se vergoedingsstrukture ten opsigte van vergelykbare poste. Ook in die opsig het die Dagbestuur met verantwoordelikheid sy pligte gekwyt en verwerp die Dagbestuur enige sprake van ongerymdhede en selfverryking. Die Dagbestuur respekteer die privaatheid van die werknemers van die SAOU en daarom word vergoeding nie in die openbaar bespreek nie.

7. OGOD-hofsaak in 2017

Dit is inderdaad so dat die Dagbestuur van die SAOU hewig gekant was teen die aansoek van OGD om godsdiens in skole te verbied. Juis om daardie rede het die SAOU aansoek gedoen om as *amicus curiae*

(vriend van die hof) toegelaat te word om die aansoek teen te staan. Na verkryging van advies van 'n vooraanstaande senior advokaat wat spesialiseer in konstitusionele hofsake, het dit geblyk dat die SAOU se voorgenome argumente nie regtens haalbaar was nie en het die Dagbestuur op advies van die senior advokaat, verdere betrokkenheid by die saak gestaak. In retrospek was dit 'n wyse besluit want nie net is 'n groot klomp regs-koste bespaar nie, maar is die advies van die advokaat reg bewys deur die uitspraak wat op die aansoek van OGOD gevolg het.

8. Negatiewe publisiteit

Die berigte in Rapport is die gevolg van die voortgesette smeerveldtog waarmee mnr Pashut besig is om verdagmakery onder lede van die SAOU te saai. In gesprekke met mnr Pashut het hy dit baie duidelik gemaak dat as daar nie 'n bedrag van R10 miljoen aan hom betaal word nie, hy alles in sy vermoë sal doen om die SAOU skade aan te doen. Hierdie nuutste veldtog is 'n direkte uitvloeisel daarvan.

9. Ten slotte

Lede word bedag gemaak op die feit dat daar magte en kragte aan die werk is om die SAOU skade aan te doen. Moenie deur hierdie realiteit mislei word nie. U verkose leiers werk onverpoosd om die SAOU se belange te bevorder. Wanneer u dus gekonfronteer word deur sogenaamd "bekommerde lede" (FBSAOU), oorweeg asb die inhoud van hierdie skrywe en tree in die beste belang van die SAOU op deur nie aan die smeerveldtog deel te neem nie.

Die SAOU is die vakbond waarop u kan staatmaak!